

QUO VADIS?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Die Gesondheidsjaar En my Geestelike Gesteldheid.

*o Heer, ontdek my lewensend aan my;
my dae is by U getel.
En leer my tog hoe kort van duur ek is:
'n handbreed is my tyd gestel;
'n ademtog en — ek is dit weer kwyt!
Ja, elke mens is nietigheid.*

Ps. 39:3 berym

*U sal my siel nie oorgee in die dood,
my pad buig op langs skone heuwelrýe.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot
verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreug en volle vrede,
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

Ps. 16:5 berym

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.

'n **Gesondheidsjaar vir die Fisiese - Wat van die Geestelike?**

Deesdae word besonder aandag gegee aan die fisiese gesondheid van die mens, aan die voorkoming van siektes, aan die nadele van verkeerde eet-, drink-, en rookgewoontes.

Dit is belangrik en nodig om op al hierdie dinge attent gemaak te word. Dit is goed om 'n gesonde lewenswyse te voer. Ons behoort hierdie oproepe om gesond te lewe ter harte te neem. Hoe sê die spreekwoord: "n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees."

En tog sê die Bybel: "Die liggaamlike oefening is van weinig nut..." (I Tim. 4: 8)

Hiermee word die belangstelling vir 'n gesonde leefwyse nie afgekraak en belaglik gemaak nie. Wat hier presies bedoel word, is dat die liggaamlike oefening net van waarde is vir solank jy op hierdie aarde leef. Liggaamlike oefening is goed, maar het 'n beperkte tydswaarde.

Daarteenoor sê die Bybel: "... die godsaligheid is nuttig vir alles." Die oefening in godsaligheid geld vir hierdie lewe en vir die lewe aan die anderkant van die graf. Ons bestaan eindig nie as ons hier die laaste asem uitblaas nie. Baie dink so, maar so is dit nie!

Aan die anderkant van die graf bly ons voortbestaan by God om sy troon of!.... Om die rede wil ons klem lê op ons *geestelike gesondheid*. Dit is vir elkeen dringend, want ons geestelike gesondheid het waarde vir nou en hierna. Daarom vra dit beslis elkeen se ondersoekende aandag — ook joune, my vriend!

Ly my geestelike gesondheid aan bloedarmoede, of aan geestelike lae bloeddruk, aan verkalking, aan wanvoeding, of aan ondervoeding?

Matteus 16:26 —

*"Wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win,
maar aan sy siel skade ly?*

Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?"

'n **Geestelike "Check-up"**.

So 'n opskrif ontlok die vraag: Is dit nodig om op onself 'n geestelike ondersoek te laat doen? Ek makeer tog niks nie! So sê die fisies gesonde mens ook as jy hom dokter toe wil neem. Daarom mag u ook nou sê: Wat gaan geestelike X-straalfoto's van my hartsgesteldheid my help? Met my geestelike gesteldheid is daar geen fout nie! Ek is gelukkig soos ek is.

Ek kan voluit lewe! Ek kan vol teue uit die bron van vol lewe drink en ek geniet alles. Daar is geen geestelike pyn of aanmaning wat my onrustig maak nie. U mag miskien só antwoord of Ek bekommer my nie oor siekte of dood nie Dit is iets vir die verre toekoms.

Is dit werklik só? Is u ten diepste tevrede met uself en u lewe en...u toekoms — ja, veral u toekoms tot in die dynserige verte — aan die anderkant van die graf! In elkeen van ons se lewe is daar een seker ding wat ons almal móét doen. Ons moet doodgaan!

Die dood... en dan?

Nie een gaan die dood vryspring nie! Jonges en oues, goeies en slegtes, almal moet een of ander tyd die knieë swig voor die wurgende hande van die dood. Die wete dat die dood altyd saam met ons is, vul die mens met 'n sekere onrustigheid; al is ons nie direk daarvan bewus nie.

Hierdie wete het die digter, Eugène Marais, vertolk in sy gedig: Skoppensboer (Skoppensboer beteken die Dood)

'n Druppel gal is in die soetste wyn:

'n traan op elk vrolik snaar,
in elke lag 'n sug van pyn,
in elke roos 'n dowwe blaar.

Die één wat deur die nag
ons pret beloer
en laaste lag, is skoppensboer.
Die heerlikheid van vlees en bloed;
die hare wat die sonlig vang
en weergee in 'n goue gloed:

.....

is weerloos teen sy groter mag.
Alreeds begin't die rimpel sny;
oor alles hou die wurm wag,

en stof en as is al wat bly:
Want swart en droef,
die hoogste troef
oor al wat roer,
is Skoppensboer.

Dit is die tragiese lot van elkeen!

Die onrusstemming.

Die wete dat elke lewe een of ander tyd eindig, maak jou bewustelik of onbewustelik onrustig. Hierdie onrus, die onvrede, die troosteloosheid van 'n lewe wat gemik is op die dood, laat ons op allerlei maniere wegvlug van die werklikheid.

Daarom vlug jy weg van die eensaamheid; weg na dit wat jou tyd en kragte eis; weg na dit wat die sinne verdoof — wat dit ook al mag wees. Dit gee tydelike troos. Vir die duur daarvan Môre begin die troosteloosheid en die bose kringloop op soek na valse en tydelike troospreparate. Dit help 'n bietjie, maar dit genees nie die werklike bron van die probleem nie.

Ons almal is inderwaarheid geestelik siek. Almal het genesing nodig, maar almal soek nie hulp by die regte Geneesheer nie. In Ps. 27 kry Dawid na 'n sielsworsteling lig en gemoedsrus in hierdie wete: "O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van God sal sien in die land van die *lewendes* nie..." wat dan?

Nou is dit die tyd van genade. Nou is daar nog geestelike genesing moontlik. Ek en jy en ons almal het dit nodig. Soek hulp by die regte adres. Soek nou, my vriend, en jy sal vind! Soek Christus en vind die Lewe — wat bly, al het jy ook gesterwe!

Ds. Frik van Deventer.

"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe... omdat ons nie let op die sigbare dinge nie maar op die onsigbare; want die sigbare is tydelik maar die onsigbare ewig.

Ons weet dat as ons aardse tentwoning (liggaam) afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."

II Kor. 4: 16, 18 en 5:1

Om weer mens te wees

Hoe leer ons mense ken? Dit is 'n tydsame proses en dan is die kennis wat ons van mense versamel nog nie soos 'n legkaart waar al die stukkies gaandeweg pragtig inmekaar pas nie.

Ons kan mense se woorde afluister, hul gedrag dophou, maar wat presies binne-in hul wese aangaan, bly versteek.

EK EN JY

Jy is ook vir jousef 'n raaisel. "Ken jousef", so lui die hooggeprese spreekwoord van die ou Grieke. Die soektog na jousef is alles behalwe eenvoudig. Soos alle mense het jy 'n behoefte om jou eensaamheid te ontvlug. Daarvoor soek ons ander mense op om te verhoed dat ons wegdroog in ons ellende. Daar is 'n drang wat ons soos skape na mekaar toe dryf. Tegelykertyd is ons so bang om onself te géé, om onself 'n bietjie te verloën en te verneder. In ons is die onuitroeibare behoefte om ons op te sluit in onself en onself te bly. Ons het mekaar nodig om ons lewe te vul en op te vrolik, maar ons sluit mekaar in dieselfde asem uit buite die dieptes van ons lewe.

Elkeen leef vir homself in die ban van egoïsme en selfbehae. As ons gaan trek aan die drade van die vervlegde knoop wat ons "mens" noem, dan kom ons telkens op nuwe teenstrydighede af. Ons voel langsaam, maar seker hoe hopeloos dit is om die raaisel "mens" te ontsyfer. Ook jy en ek slaag nie daarin om die diepste gronde van ons woorde en daade bloot te lê nie.

Selfs in die hardste oordeel wat die mens oor homself uitspreek, gryns hoogmoed en die angs waardeur hy sy vonnis onmiddellik versag, diep in sy binneste, sodat die oordeel in sy guns swaai.

EK EN MY DADE.

Om werklik te kom tot die juiste oordeel oor jousef, moet jy jou losmaak van selfbespiegeling en jou luisterend stel teenoor God — soos wat 'n siek mens sy laaste toevlug neem tot die ondersoek deur 'n dokter. Dan sien ons dat God jou lewe as 'n eenheid handhaaf. Jy kan, wat jy ook al doen, dit nooit losmaak van die gesindheid waarmee jy dit doen nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken, sê Jesus. Christus wys daarop dat 'n mens altyd is soos wat jy in jou binneste is — ten spyte van hoe jy jou voordoën na die uiterlike. Daarmee val die bodem uit jou skynselfversekerdheid.

Jesus ontleed verder: Die lamp van die liggaam is die oog. Innerlik word jy nie verlig deur wat van buite na jou kom nie. Die lig in JOU is die oog waarmee jyself na die wêreld kyk. As jou oog verkeerd is, dan sal jou hele liggaam, jou wese, donker wees. As die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!

Hier word gekyk na wat hom binne-in enige mens afspeel. Dit is die moeilikste stap om wat ek besit, my oordeel oor myself, af te staan en my te onderwerp aan die oordeel van Hom wat die skuilplekke van my lewe ken.

GOD EN EK.

"Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; kyk of daar by my 'n weg is van smart en lei my op die ewige weg!" Hy het kennis van wat daar in my binneste leef. Om genesing te kan ontvang, moet ek as 'n eerste sprong die diagnose van 'n betroubare geneesheer aanvaar. Die krag van God se Woord is nie net dat ek myself deurgrond by die lig daarvan nie, maar dat ek ook genesing vind.

Ek kan aan geen heerliker uitspraak dink as dié wat ek daagliks vanuit die mond van die groot Geneesheer mag aanhoor nie: "Seun, dogter, jou sondes is jou vergewe, gaan heen in vrede!"

Geen groter oomblik as dié waarin Hy ons hart ontbloom, ons situasie ontdek en daar intree nie; wanneer Hy die siek boom gesond maak tot in sy wortel; wanneer sy Gees in ons kom, en ons hart van klip verander in 'n hart van vlees. Jy mag weer werklik *mens* wees!

Ds. Simon van der Bijl.

"Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe!" (Joh. 11:25)

Gesondheid:

Jaar vir Besinning!

"Dominee, in hierdie tyd waarin soveel aandag op die liggaamlike gesondheid toegespits word, begin 'n mens naderhand ernstige bedenkings oor jou geestelike gesteldheid kry. "Daarom kom ek by u aanklop, kan u my help?"

DIAGNOSE

Laat ek dit onomwonde stel, my vriend, jy het troos nodig. In hierdie verskriklike tyd van hartaanvalle — die sluipende dood, kanker, rowery helder oordag en toekomsonsekerheid, moet ons allermees getroos word. Dit is die vanselfsprekende uitgangspunt.

Waarom? Wat is troos? Kom ek stel dit eenvoudig: om getroos te word, is om terug te ontvang wat jy verloor het. Wat hét ons nie alles verloor nie! Die wêreld skreeu daarvan! Waar is die rus, die harmonie, die blydskap, die vreugde waarna 'n ieder en 'n elk smag? 'n Mens kan selfs vra: Wat is daar wat ons hét, wat ons nie verloor het nie?

DIE RUSBEROWER!

Waarom dit eintlik gaan, is dat ons die lewe verloor het vanweë die sonde — ongehoorsaamheid aan God en daarom weg van God... die duisternis in. Dit is die eintlike verlies. Sonder God is jy die lewe kwyt.

Vandaar die doodskaduwee wat ons nie 'n enkele sekonde ontwyk nie. Hierdie ander kwellinge — onrus, haat, siekte, magsmisbruik, rampe, ensovoorts — is alles simptome. Dit is die sidderende koors wat deur die kiem vet oorsaak word — die kiem in ons bestaan is die dood en dit is waar jy eers volkome begryp dat jy troos nodig het — by die dood.

GENEESMIDDEL

Dwarsoor die wêreld is pogings aangewend om die dood te besweer. In die Ooste waar die uitgangspunt van die gemeenskap altyd die groep was, het die kommunistiese lande gesê: Kom ons stig vir ons 'n staat wat nooit sal sterf nie — waaraan die individu onderworpe is

In die Weste waar die uitgangspunt van die gemeenskap altyd die individu was, het die mense gesê: Kom ons bou vir ons 'n sisteem van menseregte waaraan die staatsinrigting onderworpe is deur die daarstelling van egte demokrasieë; 'n groot onsterflike wêreld waarin daar geen klasseverskil of oorloë meer sal wees nie...die Amerikaanse Droom.

Deur ons lewenstyl en deur ons individuele geloofsprestasie (metodisme), realiseer ons die Nuwe Jerusalem op hierdie aarde, bv. die Wêreldraad van Kerke se ideaal om langs politieke, maatskaplike en kerklike weë die steierwerk van die Nuwe Stad te wees — om só deur die dood te kom.

Maar sowel die kommunisme as die metodisme, sowel die staats-totalitarisme as die vryheid van die individu in sowel die Ooste as die Weste, het voor die onontkombaarheid van die dood bly stuit. Die mens, met al die vindingrykheid waarvoor hy mag beskik, bly magteloos stom voor hierdie mag. Die dood is eenvoudig nie te fnuik deur of ideologieë of eie prestasies nie, want die dood lê diep binne-in ons

'n Mens begryp dit waaragtig as dit vir jou nie meer gaan om dié dood nie, maar as dit kom by jou dood. Dan is die nood aan troos op sy hoogste; dan is jou laaste asem snakke 'n magteloos-onhoorbare kreet. Troos my, troos my, gee my terug wat ek verloor het, gee my die lewe!

DIE GENEESMIDDEL

Stel jou eie sterfbed voor. Wat het jy daar nodig? Kos en klere, besittings en eer, selfs mense word dan 'n oorbodigheid. Jy lê tussen die lakens en jy hyg na asem. Jou mond het oopgeval, jou hande lê bewegingloos langs jou sye, jou oë breek al in die doodsnood wat onvermydelik is.

Wat hét jy daar nodig? Miskien 'n slukkie water, maar veel belangriker: Dié wete dat jy aan Jesus Christus, jou getroue Saligmaker, met liggaam én siel, in lewe én sterwe behoort! As jy hierdie geloof het, dan het jy waaragtige troos verkry, want daar het jy reeds terugontvang wat jy verloor het: die ewige lewe!

Wat het jy méér nodig? Hier, my vriend, het ons nou gekom by die kern van die geloof in Christus. Die geloof dat jy só totaal aan Christus behoort, met liggaam én siel, in lewe en in sterwe, sny dwarsdeur die matheid van 'n lewe wat op die dood wag; dit priem deur die onsekerheid van ons harte wat magteloos voor die dood bewe; dit bring vastigheid in ons lewe wat dreig om oor dié afgrond te kantel — deurdat dit die dood in 'n gans ander perspektief stel.

Christus het, toe Hy uit 'n leë graf aangeloop gekom het, die dood van sy teenoorgestelde posisie ten opsigte van die lewe, weggeruk. Hy het die dood in lyn met die lewe gebring en vir elkeen wat aan Hom behoort, het Hy die dood weggewis as 'n punt agter die lewe. Die dood is deur sy opstanding só radikaal verander dat dit nou 'n deurgang geword het na die ewige lewe.

Dit is die ontsaglike betekenis van die feit dat Jesus Christus gekruisig, gestorwe, en begrawe is, en neergedaal het na die hel, en op die derde dag weer opgestaan het uit die dode. Glo jy dit? As jy aan Hom behoort, sal die Heilige Gees hierdie geloof in jou hart wakker maak. Dan hét jy die ewige lewe.

PROGNOSE.

Omdat die doodsmag deur Christus se opstanding radikaal verander het, verander dit ook jou lewe radikaal! Nou is die dood nie meer die tirannie-heerser waaraan jou ganse lewe onderworpe is nie. Nee, die dood is deur die lewe verslind. Die lewe, jǒú lewe, word 'n oorwinningslewe wat nou nie meer aan jouself, óf aan die dood, óf aan die duiwel behoort nie. Dit behoort aan die Oorwinnaar. Daarom sal, wat oor jou lewe mag kom, alles ten goede wees. Hoe sou Hy sy eiendom skade berokken?

Kom ons som dit só op: My **ek** vind sy uitdrukking in hierdie bedeling by wyse van my liggaam. Daardie **ék** van my behoort nou aan Christus, soos wat my sigbare liggaam aan Hom behoort. Dit beteken dat ek aan Hom behoort in **alles** wat ek doen en wat ek beplan, in alles wat ek nalaat om te doen, in alles wat ek dink en in alles wat ek is.

Nou het die dood só in lyn met die lewe gekom: Wanneer ek sterf word my **ék** losgemaak van my liggaam. My liggaam word hier begrawe, waar dit opbreek in ander materievorme, totdat dit tyd word vir die wederkoms van Christus, wanneer dit nuut uit die graf te voorskyn sal kom. Ek gaan intussen deur Christus na God, in 'n ander bedeling anderkant die tyd van oudword, anderkant die tyd van twyfel, anderkant die tyd van pyn.

Daar leef my **ék** met Christus, by die Vader in ons Vaderhuis, — ons ewige tuiste in 'n heerlike heerlijkheid en 'n aangrypende geluksaligheid — tot wanneer Christus die groot massagraf, die aarde, laat oopgaan om my weer met my liggaam te verenig om die Nuwe Aarde te laat beërwe.

'n Bedeling waar daar geen oggendkoue meer is nie, waar daar geen middaghitte, geen aandbeklemming, geen nagdonkerte meer sal wees nie. Wat hier met geen haat kan opkom, hier deur geen oor gehoor en deur geen oog gesien kan word nie, is dan my deel en lewe.....tot in ewigheid.

Is dit dan nie des te meer rede om jou lewe die moeite werd te maak, deur van harte vir Hom te lewe — en in gehoorsaamheid aan Hom te sterwe nie? Maak dus sonder uitstel 'n Gesondheidsjaar vir jou 'n jaar van ernstige *besinning oor jou* geestelike welstand!

Ds. Neels Smit.

Die Pad van Verval.

Ek wil twee stellings maak waarmee jy sal saamstem.

Stelling 1: *Die totale werklikheid waarin ons leef, met al sy fasette, het reëls, wette en verordeninge waaraan gehou moet word. Vrede, veiligheid en geordenheid hang af van byvoorbeeld verkeersreëls vir padgebruikers.*

Stelling 2: *Die mens buig nie graag onder wette en reëls wat die samelewing wil orden nie — Veral nie as hierdie wette jou vryheid en selfuitlewering aan bande lê nie.*

Dit is asof 'n bose mag mense en volke in besit neem en tot allerlei teen-wetmatighede aanspoor. Die duiwel is hierdie bose mag. Toe God die aarde en die mens geskep het, het God gesê: Alles wat Ek gemaak het, is goed en mooi en eerbaar en georden.

Daarvan het die duiwel nie gehou nie. Vanaf die Skepping probeer hy om God se handewerk te vernietig:

Waar geloof is, bring hy ongeloof.

Waar liefde is, bring hy haat.

Waar orde is, bring hy wanorde.

BEGEERTE.

Allereers wek die duiwel die begeerte om af te wyk van die geordende. Die verkeer-de, die afwykende word as mooier, as beter, as nuttiger as die wetmatige en geordende saak voorgestel.

Die bose wek die begeerte na dit wat nie mag nie. Twyfel word gewek! Is dit wat voorgeskryf is, die beste? Beperk dit nie die mondigheid van die mens nie? Kennis is tog om alles van alle kante te kan bekyk! Die twyfel en sy argumente dien daartoe om die begeerte werklikheid te maak

Eksperimenteer met die huwelik, met seks, met die lewe, met drank, met dwelms en wat nog alles. Die begeerte en die twyfel oortuig ons van 'n groot gemis in ons lewens. Die volgende tree na die dood is maklik.

Watter ontnugtering wag daar op ons as die bose klaar met ons sy pad geloop het. Die eens begeerlike saak wat so aanloklik en heerlik gelyk het, dra 'n galbitter vrug. Dit bring ellende, wanhoop, onrus, haat, verval van 'n lewe en selfs moord voort. Lees maar die koerante!

Jy bly in jou ellende alleen agter. Die bose het klaar met jou gespeel.

WAAR IS JY?

God sien jou. God wil jou red! Hoor Hom roep: Waar is jy? Hy wil ons weer na Hom toe bring. Hy wil nie net nie. Hy het!

Jesus Christus sterf om ons krom weë reguit te maak. Hy delg ons mislukkings uit en ons oortredinge bedek Hy. Hoor Hom nou roep. Hy roep na jou! Jy wat vermoeid en belas is, kom na Hom toe. Hy sal jou weer rus gee en vrede en liefde.

Sy juk is sag. Sy las is lig. Hy wil jou waarlik red.

Waar is jy?

Ds. Frik van Deventer.

